

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 9**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## ***Die Lied van die Lam***

*"Aan u, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang!  
Want u is waardig om die wonderboek te ontvang  
en oop te breek — die boek van toekoms en verlede  
en van wat word geskryf van Gods verborgenhede.  
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is.  
toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.*

*U't van die Hemel hoog op aarde neer wou daal.  
en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.  
Die losprys was u bloed. wat U vir ons gestort het,  
waardeur ons, rein gewas. 'n priestervolk geword het  
en konings in die ryk van onverstoorbre vrede,  
om God te dien en eer in eind'lose ewighede."*

Skrifberyming 8:1 en 2.

## ***Langs Skone Heuwelrye***

*'n Ydle vrees beklem my nou nie meer  
ek stel die Heer gedurig my voor oë.  
My hart is bly, en juigend meld my eer:  
Sy regterhand sal nooit my val gedoë.  
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is,  
nog veilig woon, omdat die Heer naby is.*

*U sal my siel nie oorgee in die dood,  
my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot  
verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreug en volle vrede,  
en in u hand 'n snoer van lieflikhede.*

*Psalm 16: 4, 5.*

# ***JESUS DIE NASARENER, DIE KONING VAN DIE JODE***

Dit was die opskrif bokant die Kruis, geskrywe in drie tale: Hebreeus, Grieks en Latyn. Die bedoeling van dié opskrif was aanvanklik *sarkasme*, maar God was *ernstig*.

Hy word aangekondig in die drie mees bekende tale van die destydse wêreld. Elke taal verteenwoordig 'n sekere terrein: Hebreeus was die taal van die godsdiens, Grieks was die taal van die destydse wêreldkultuur en Latyn was die taal van die Keiser — die taal van die reg, mag en politiek. Daardie klein plankie bokant die kruis word nou God se wêreldomvattende uithangbord.

Christus is Koning van drie wêrelde: Koning van die verstand, hart en hand; Koning van die Woord, die kuns en die staat; Koning van vorste, van wetenskaplikes en van gelowige kinders van God. Die uitgestrekte arms aan die Kruis omvat die wêreld van Hebreeus, Grieks en Latyn.

Die sarkasme sê vandag nog: Hy was maar 'n bleek Nasarener, 'n onrype Jongeling wat te vroeg gesterf het, maar God skrywe nog steeds aan die opskrif van die kruis — die vuur van die Gees brand dié woorde: “Christus. Koning” uit in Hebreeus, Grieks, Latyn, Egipties, Libanees, Chinees en Russies. Die Gees wil dit inbrand in *verharde harte* wat in die kring van die spotters sit.

Sarkasme of erns... in wie se geselskap praat u oor Christus, die Koning?

*Is u in die volgende geselskap?*

*Judas* het Christus verhandel ter wille van die wins van 30 silwerstukke.

*Petrus* het hom uit vrees van Hom onttrek en Christus ontken.

*Die vroue van Jerusalem* het Christus in oppervlakkige aandoening beween.

*Pilatus* het Christus laat kruisig ter wille van die guns van Keiser en volk.

*Die bediende van die Hoëpriester* klap Christus, omdat hy aanstoot neem teen die waarheid.

*Die soldate* bespot Hom om daarmee tyd te verdryf.

*Kajafas* veroordeel Hom ter wille van die vrede *in die volksoproer*.

*Die Joodse Raad* verwerp Hom uit vooroordeel en valse getuïenisse.

En u?

Ons vra u om hierdie Psalmvers te oordink:

"Kom dien die Heer en wees in Hom verblyd  
met blydschap wat Hom huldig as die Heer.  
En kus die Seun in onderworpenheid,  
buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.  
Want lig'tlik kan Gods gramskap jul verteer  
net soos 'n vuur, eers alte klein geag.  
Welsalig wie hom huldig as hul Heer,  
wie by Hom skuil en op sy bystand wag."  
Ps. 2:6.

# ***DIE STERWE VAN JESUS***

*Goeie Vrydag...*

Die Christendom dwarsdeur die wêreld noem hierdie dag die sterfdag van Jesus. Ons stuur egter nié op hierdie dag swartomboorde in-memoriam-kaartjies uit nie. Ons eer ook nie sy nagedagtenis as die Swakke wat so swaar gesterf het nie.

Die woord van die Kruis is 'n kragtige woord.

Hier *ly die mens die nederlaag*, want die kruis is die groot getuienis dat die mens homself nie kan red nie.

Hier *brand God se geregtigheid* en Jesus lê in die vlamme van die vergeldingstraf vir die sonde van die hele wêreld.

Hier is die *wettige kwitansie* wat God uitskryf as bewys van die afbetaling van die skuld.

Die Kruis is *oorwinning* oor sonde, dood en duiwel.

Die Kruis is *uitnodiging* vir sondaars en skuldenaars.

Die Kruis is die *brug oor die donker kloof*: hier nader die mens weer tot die troon van die Vader en die Vader nader weer die mens in sy verloreheid.

God se hart breek hier oop in die *liefde van sy erbarme*.

God se *boog word hier gespan* teen almal wat nie in Hom glo nie.

Die Kruis is die begin van die *Vrederyk* vir die gelowiges en die begin van die *Oorlog* teen die ongelowiges.

*Dit is die enigste Deur wat na die lewe lei.*

Weet u wat sy laaste woorde was?

- "Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie"  
— *Aangrypende liefde.*
- "Voorwaar Ek sê vir jou. vandag sal jy met My in die paradys wees"  
— *Verlossende krag.*
- "Vrou daar is U seun — daar is jou moeder"  
— *Tere sorg.*
- "My God. my God, waarom het U My verlaat?"  
— *Skrikwekkende eensaamheid.*
- "Ek het dors"  
— *Pynlike vernedering.*
- "Dit is volbring"  
— *Onherroeplike finaliteit.*
- "Vader. in U hande gee Ek my gees oor"  
— *Oorwinnende oorgawe.*

Ons wil die hede van die digter op elke leser se lippe lê:

"laat bokant die bleek bane van lied en tafel

die eenvoudige starheid van U kruis in my klein kamer hy die kerslig staan."

**W. J. de KLERK**

... maar hulle hou aan met roep en sê: “Kruisig, kruisig Hom!” Vir die derde maal sê hy vir hulle: “Watter kwaad het Hy dan gedoen? Ek het in Hom niks gevind wat die dood verdien nie. Ek sal Hom dan kasty en loslaat.” Maar hulle het aangehou met 'n harde geroep en geëis dat Hy gekruisig moet word...

Lukas 23:21-23.

... en toe hulle kom op die plek wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig.  
Lukas 23:33.

... daarop het Jesus weer met 'n groot stem geroep en die gees afgegee...

Matteus 27:50.

... en baie vroeg in die môre, op die eerste dag van die week, het hulle en ander saam met hulle by die graf gekom en die speserye gebring wat deur hulle toeberei was. Hulle het die steen van die graf afgerol gevind. Toe hulle ingaan, kry hulle nie die liggaam van die Here Jesus nie. Terwyl hulle hieroor in verleentheid was, staan daar twee manne by hulle in blink klere. Toe hulle baie bevrees word en met hulle gesig na die aarde buig, sê die manne vir hulle: “Waarom soek julle die Lewende by die dode? Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan. Onthou hoe Hy vir julle gesê het toe Hy nog Galilea was: Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense en gekruisig word en op die derde dag opstaan. En hulle het sy woorde onthou...”

Lukas 24:1-8.

---

## ***LYDENSPSALM***

Hy het die lyde op Hom geneem  
wat nou ons hart van Hom vervreem;  
en al die smarte wat ons pla,  
het Hy gewilliglik gedra.  
Maar ons het in sy ongeluk  
gesien die hand van God wat druk,  
wat, om sy lyde te verskerp,  
Hom altyd dieper neer wou werp.

Die misstap wat ons voet begaan,  
die misdaad deur ons hand gedaan.  
die straf uit swaarste regsgeeding.  
wat ons die volle vrede bring,  
die wonde wat ons wonde heel —  
dit alles was sy lydensdeel.  
Ja, al die kwaad deur ons gedaan,  
het God die Heer oor Hom laat gaan.

## *Die Lewende Jesus*

Paasfees... die opstandingsdag van Jesus. Om die ware inhoud van hierdie feesdag te belewe, moet ons eers 'n sterfbed besoek.

Daar sien ons hol oë en 'n gapende leë mond. Daar is geen hart en geen bloed nie. Ons word oorval deur 'n wit kalmte wat bangmaak. By die kerkhof sien ons hopies grond en grys grafstene wat vertel van verflenterde liefdesbande.

Die dood – dit is soos 'n verlate sandwoestyn waar die wind gryp en klap, om dan mistroostig weg te dwarrel. Elke graf wys 'n vinger na my: jou beurt kom en wie sal jou van die dood red?

Dan dink ek aan die hel, die ewige dood. Wat was, krul en krimp en spring van pyn. Die lewelose monde wat hier dood was, kou daar tonge stukkend. Dan word dit Paasfees. Jesus Christus kom die kerkhof van hierdie wêreld binnegestap. "Wees gegroet. Ek het opgestaan." Sadduseërs sê "Nee," maar Maria Magdalene het in Jerusalem se strate geroep: "Ek het Hom gesien!"

Die ongelowige wetenskaplike verklaar: onmoontlik, maar Thomas vertel dat hy genooi was om aan sy hande te tas. Elf name staan opgeskrywe as ooggetuies en vyfhonderd mense, so het Paulus hulle getel, het gesien dat Hy lewe!

Oor die duisende grafte ruis die lied: "Julle sal ook eendag opstaan!" 'n Fees, want die sondedood wat in die harte woon, word oopgebreek deur sy opstandingskrag!

In Gadara vertel 'n man opgewonde dat sy lewe totaal verander het toe Christus by hom gekom het. 'n Sondaar is oorstelp van vreugde, want die donker grot van haar lewe het so lig geword. In Petrus se swakkelingsiel het 'n nuwe geboorte gekom! Die vrou van die nag, uit Samaria, hardloop deur die strate en roep: "Ek het die Messias gevind!" Dit is die opstandingskrag wat op hierdie dag ons feesvreugde is.

Oral bars die nuwe lewe deur soos bloeisels in die lente. In ons lewe het die krag gekom... dit is Paasfees.

**W. J. de KLERK.**

(Uit "Kreupelgelowiges")

## ***Gedoop ... en toe?***

Geagte vriend, toe jy gebore is, was daar groot blydschap. Vader en moeder het die Here gedank vir die nuwe verbondskind. Toe die predikant 'n besoek gebring het, is besonderlik gedank en gebed... Kort daarna het dankbare ouers jou na die doop gebring... en... die gemeente het gesing... God geloof oor sy genade... oor *jou*. Jy het toe nog nie die verskil tussen die linker- en regterhand geweet nie. Die doop het gespreek van wat God gedoen het. Hy het sy verbond opgerig met ons en ons nageslag ná ons in hulle geslagte om vir ons 'n God te wees en vir ons nageslag ná ons... ook met en vir *jou*. Toe het die Here dit aan jou verseël: *Ek is jou God...* jy het deel aan my genade... deel aan Christus... aan die vergewing van sondes. So het God gespreek toe jy nog nie verstaan of kon praat het nie.

### ***Jou ouers het belowe.***

Jou ouers het belowe om jou so op te voed soos in die goeie belydenis. Met 'n bly hart het hulle daardie belofte gedoen. In die jare daarna het hulle hul bes met jou en vir jou gedoen. Hulle het jou voorgelig oor die dinge wat daarbo is. Nog klein het jy die heerlike waarhede begin leer. Dink aan al die kindergebedjies aan moedersknie. Hulle was so bly en trots toe jy al 'n versie kon opsê.

### ***Jou ouers het woord gehou.***

Later het hulle jou aan die hand saam kerk toe geneem. Met kinderstemmetjie het jy saam met die gemeente God geloof. Jou ouers jou nie net by die huisaltaar gebring nie, maar ook by die gemeente-altaar. So het jy groot geword. Die kerk het ook sy verantwoordelikheid vir jou aanvaar en sy bes met jou gedoen. Jy was onder goeie sorg. Die kerk wou saam met jou ouers jou tot volwassenheid van die geloof bring, sodat jy ook deel kan hê aan die heilige sakramente. Ja, daar was die *groot doel*: die Here se Naam moes ook in *jou lewe* en deur *jou* verheerlik word.

### ***Maar jy het jou lewe verwoes.***

*Maa jy wou nie...* jy het 'n streep deur daardie mooi kinderlewe getrek. Toe jy die verantwoordelikheid van jou ouers se belofte op jou moes neem, het jy weggestap. Dit het hulle baie tranes gekos, maar dit kon jou nie skeel nie. Die kerk is ook verdrietig... 'n kind van die ouerhuis en van die gemeente het afgedwaal. Vir dié God wat so genadevol gepraat het toe jy nog nie kon verstaan en praat nie, het jy met dieselfde hart wat in die kinderjare gebid en saam gesing het, gesê: *ek wil nie hoor nie*. Ja, jy het gesê: *ek wil God nie antwoord nie...* *Jy het nie Belydenis van Geloof afgelê nie.*

Nou is jy 'n verdwaalde skaap. Jy het die kudde verlaat. Dit beteken jy het 'n los lewe. Nou mag jy jou verbeel dat jy gelukkig en tevrede is, maar dit is nie so nie. Jy is nou 'n skip sonder anker. Pasop vir die storms! Waar is daar nou vir jou 'n veilige hawe? Waar gaan jy nou wegsteek in die dag van onheil?

Toe trek hulle sy klere uit en werp 'n rooi mantel om Hom; en hulle vleg 'n kroon van dorings en sit dit op sy hoof, en 'n riet in sy regterhand...

Matt. 27:28-29

### ***Keer terug.***

Geagte vriend, in terugkeer lê jou vrede en behoudenis. God hou *nog* sy woord. God roep *nog*, al het jy jou rug op Hom gedraai. Dit is *nog steeds* vindingstyd, *nog steeds* die tyd van genade, maar dit gaan ook verby en dan kom die afrekening. Dan moet jy sê *waarom* en sal jy kan antwoord? Ons vrees vir *nee*. Ons vrees jou mond sal gestop wees. Dink daarom nog 'n slag na. Soek die Here terwyl hy te vinde is en roep Hom aan terwyl Hy naby is. Die Here het gesê dat Hy dié wat na Hom toe kom, nie sal uitwerp nie. Hy laat die wat verdwaal en verlore was, wandel op sy regte spore.

Toe Hy 'n beker geneem het, dank Hy en sê: Neem dit en deel dit onder julle.

Lukas 22:17

**R. S. J. van Wyk.**



# IS U 'N CHRISTEN?

Moenie te gou op hierdie vraag antwoord nie! Dit is nodig dat u eers 'n bietjie verder lees.

U weet natuurlik dat die woord Christen kom van die woord Christus, die Seun van God. Wanneer u uself dus 'n Christen noem, moet daar een of ander verband tussen u en Christus bestaan. As dit nie so is nie, mag u nie eintlik die naam "Christen" nie dra nie.

Ek besef dat die woorde "Christen" en "Christelik" in ons tyd baie misbruik word. Dikwels word alles wat nie-heidens is, Christelik genoem. Daar word gepraat van 'n Christelike beskawing, 'n Christelike land, 'n Christelike samelewing, ens. Soms het hierdie begrippe iets met Christus te doen en soms hoegenaamd niks nie. Hierdie woorde kan vir ons dus nie 'n maatstaf wees nie.

## *Prestasie of genadegawe?*

### **DIE LIED VAN VERLOSSING**

*Toe staar ek deur die wêreldnagte —  
lighoogtes het my oog geboei —  
en 'k sien uit alle mensgeslagte  
'n skaar ontelbaar saamgevloei  
Hul staan, uit alle volke en lande,  
nou voor die Lam en voor Gods troon,  
die vredespalmtak in die hande,  
hul wit gewaad in eenvoud skoon.*

As daar vir u gevra word of u 'n Christen is, moet daar in u hart dadelik die vraag opkom: is ek waarlik verbind aan Christus na wie ek my noem? Het ek die reg om dié eretitel te dra? Ja, want dit is 'n eer en 'n voorreg om 'n Christen te mag wees en om jou na Jesus Christus te mag noem. Dit is dan ook geen prestasie van 'n mens nie, maar 'n genadegawe van God. Daarom behoort niemand daarop te roem dat hy 'n Christen is nie. Hy kan God alleen maar dankbaar wees vir hierdie heerlike voorreg.

## *Deur die geloof.*

Hoe word 'n mens 'n Christen: deur die geloof in God en in sy Seun Jesus Christus. Om in Christus te glo, wil aandui dat u erken het dat u lewe sonder hom 'n mislukking is en dat dit soos 'n straat is wat doodloop en u nie kan omdraai nie.

Het u reeds tot dié erkenning gekom? Miskien dink u nog dat u Christus nie nodig het nie, omdat u gesondheid, voorspoed en miskien selfs rykdom geniet. Dink daaraan dat hierdie dinge net tydelik is en dat hulle niks langer sal duur as wat u lewe nie. Wanneer die einde kom, sal u daarvan geen voordeel meer hê nie.

## *Kom na die kruis.*

Om waarlik 'n Christen te wees, sluit in dat u na die kruis van Christus sal kom en dat u daar u sonde sal bely. God wil u al u skuld in sy liefde en genade vergewe — dan is u 'n Christen, want dan volg u in die voetstappe van Christus soos die skape die goeie herder volg — dan leef u naby u Heiland en dan leef u uit sy krag. Die lote van 'n wynstok kan nie op hulself bestaan nie; hulle moet aan die stam verbind wees. Dit is die beeld wat Jesus self gebruik het om die innige verbinding tussen Hom en die gelowiges te verduidelik.

### ***Uitsig op die heerlijkheid.***

Dit is heerlijk om 'n Christen te wees. 'n Christen weet dat Christus die leiding van sy lewe oorgeneem het en dat hy dus nie meer vir eie rekening lewe nie. Hy mag God deur Christus vir alles vra wat hy nodig het en dan glo hy dat God sy gebed sal verhoor... nie altyd soos hy gevra het nie, maar wel soos dit vir hom die beste is. Elke dag is daar by die belydenis van sonde die sekerheid dat dit ter wille van Jesus Christus vergewe is. Elke dag is daar die nodige krag om op die lewenspad voort te gaan. Verder is daar nog die uitsig op die heerlijkheid wat almal wat Hom liefgehad het, eenmaal sal beërwe. Maak dit u nie jaloers nie?

### ***Verpligtinge.***

Die Christenskap bring egter ook verpligtinge mee. Die spreekwoord sê: waar die hart vol van is, loop die mond van oor. Wanneer u 'n Christen is, wanneer u leef uit Hom as die bron van u krag, sal u nie daarvoor kan swyg nie. Dan sal u hierdie heerlike blydskap ook aan ander deurgee. Dan sal u getuig, nie van uself nie, maar van die genade van God wat so heerlijk in u lewe sigbaar geword het.

Sonder Christus is elke mens verlore, al noem hy homself ook 'n Christen.

### ***Vrede, Dankbaarheid en Blydskap.***

Deur die verlossingswerk van Christus is daar vrede, dankbaarheid en blydskap vir elke mens wat die verlossing vir sy eie lewe persoonlik aanvaar. Dan is daar ook, onder die moeilikste omstandighede, geen wanhoop nie, maar die vaste vertrouwe dat God deur Christus in alles vir hom sal sorg. Is u 'n Christen?

Indien nie, luister na die Woord van God, neem sy heerlike beloftes gelowig aan, bid om die werking van die Heilige Gees in u hart en u siel sal lewe.

**P. G. Geertsema**

## *Glo jy dit?*

Die dood sal kom. Is elke gryns haar nie 'n ope brief van die graf nie? Jou liggaam weggeleë in 'n diep, donker gat waar daar geen enkel gleufie lig in skyn nie... 'n hopie vars rooi grond tussen die ander hopies... 'n steen van koue graniet.

Dis al wat daar van jou aardse lewe oorbly. Die wêreld sal dit nie merk nie. Die lewe sal sy blinde gang verder voorts kry. Die reën sal weer en weer sy ruisende swerflied by die venster sing. Die goue son sal hom bly spieël in elke waterplas. Die wit en geel en rooi blommetjies sal elke lente oopgaan en met vrolike gesiggies kyk hoe die hemel en die wêreld lyk... en verwelk.

Ander mense sal kom en na hierdie dinge kyk en luister... soos jy dit nou doen, maar jy sal daar niks van weet nie.

Hoe lank, o God, hoe lank?  
Geslagte sal kom en gaan.

Eendag sal die hemel skeur en opgerol word soos 'n doek. Dan sal Jesus uit die hemel kom. Rondom Hom sy leërskaars blink, wit engele. Die aartsengel sal sy basuin lank en helder blaas. Die aarde sal onder die groot geroep van mense en engele skeur.

Berge sal wyk, oseane sal verdwyn.  
Grafte en grafte en grafte sal oopgaan.  
Mense, miljoene mense, lankal dood en vergete, sal opstaan... sommige met verheerlikte liggame; ander afgrysiglik, gereed vir die ewige verderf. Wie aan Jesus behoort, sal helder en suiwer en ewig-jonk die heerlikheid ingaan.  
"Wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe..."

Glo jy dit?

"Ek glo Here... kom my ongeloof te hulp."

**P.W.B.**

### **'N ERNSTIGE WAARSKUWING**

Maak jou klaar om jou God te ontmoet.

Amos 4:12.

### ***LUISTER EN LEWE***

Maar selfs nou nog, spreek die Here, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweene rouklaag.

En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil; wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy 'n seën sal agterlaat -

Joël 2:12-11.